# menlo-insig

Die Hoërskool Menlopark — Excelsa Petamus — Sedert 1963

Insig 15 /2026– 6 Mei 2026

**Liewe Menlo**

Op Maandag, 11 Mei om 14:29 verwelkom die skool honderde gaste wat almal oor dieselfde saak wonder: "Wat maak Menlo anders?"

Dit is 'n moeilike vraag omdat ons nie weet hoe die enjinkamers van ander skole funksioneer nie. Verskille lê dikwels in fyn nuanses opgesluit — dit is nie so maklik soos die soek-die-verskil-speletjie wat kinders in gelukspakkies vind nie.

Lê die verskil in onderwysers wat soggens om 06:30 opdaag om te verseker dat die LW-matrieks die sillabus voltooi, of in onderwysers wat 'n dag van hulle vakansie opoffer sodat die gr. 12's weer graad 11-wiskunde kan hersien? Lê die verskil in 'n boodskap op 'n vraestel om moed in te praat wanneer die akademie swaar trek, of lê dit in ons spesiale amfi-openinge?

Dalk lê die verskil in die manier waarop Menlo-ouers en -onderwysers mekaar se hande vat om geleenthede te skep wat buite die klaskamer strek. Of dalk in die passie van 'n afrigter wat na ure agterbly om tegniek en karakter te slyp.

Miskien lê die antwoord juis in die enjinkamer wat nie net uit bakstene en handboeke bestaan nie, maar uit 'n kollektiewe wil om te presteer. By Menlo is uitnemendheid nie 'n bestemming nie, maar 'n gewoonte. Dit is die fyn nuanses van omgee, die trots in die detail en die onwrikbare geloof dat elke Parkie die potensiaal het om 'n verskil te maak.



Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JEREMIA 17:7-8**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Sluitkassies vir selfone

- Daar is 90 selfoonsluitkassies beskikbaar vir leerders wat hulle selfone gedurende die dag wil toesluit.
- Die koste beloop R300 vir die res van 2026.
- Leerders wat graag selfoonsluitkassies wil huur, bespreek en betaal dit by me. Nicolene van Eyk (algemene kantoor).
- Navrae kan aan me. Van Eyk gerig word by nicolene.vaneyk@menlopark.co.za.

## Voorkoms

Ouers word versoek om seker te maak dat Parkies se voorkoms volgens die skoolreëls is wanneer hulle die huis soggens verlaat. Verwys gerus na die Werkplan indien daar enige onsekerheid is.

## Eksamenrooster

Die eksamenrooster is op Ed-admin beskikbaar.

Graad 10 — 12: Eksamen begin op Maandag, 18 Mei 2026.

Graad 8 & 9: Eksamen begin op Dinsdag, 26 Mei 2026.

## Omgeeweek

Dit is Omgeeweek op Menlo-bodem. Parkies word daaraan herinner om hulle bruin koeverte teen Vrydag, 8 Mei in te handig. Alle bydraes maak 'n verskil.

- Kontant: Plaas in die bruin koevert en stuur skool toe.
- Elektroniese fondsoordrag: Plaas die bewys van betaling in die bruin koevert en stuur skool toe.
- Kaartbetalings: Leerders is welkom om hulle kaarte gedurende pouse in G1 te swaai.

## Menlo-kalender

Menlo-ouers kan voortaan op hoogte van gebeure op Menlo-bodem bly deur die kalender op Ed-admin te besigtig.

#HouHierdieSpasieDop

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Selfoonbeleid

Die selfoonbeleid is op Ed-admin beskikbaar.

### Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

### Reünies

| | | |
|---|---|---|
| **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 |
| **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | |

### Menlo-ouers wat omgee

Menlo-ma's wat bid
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

Menlo-pa's wat bid (Watchmen)
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak: 082 457 6526.

### Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.

Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

### Versoek van die mediasentrum

Skenk gerus enige boeke wat nie meer gelees word nie aan die mediasentrum.

Navrae: Me. Stella Visser (stella.visser@menlopark.co.za).

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

'n Selfstandige naamwoord plus **"toe"** word altyd los geskryf.

skool toe & huis toe & winkel toe

Huistoe is 'n spelfout.

# AKADEMIE

## POORT-SKRYFKOMPETISIE

Rian Knoesen
Gedig: Sprokie vir 'n e-kind
4de





Clara Serfontein
Gedig: Boomhuis
Word in die Poort-publikasie opgeneem

# NETBAL

## GAUTENG-SPELERS

**O. 17** Jessica van Rooyen & Chloé van der Bergh **O. 18** Mavilde Ferreira & Jeanie van Biljon
















**O. 14** Marné Millard & Kiara du Preez **O. 15** Zanie van Rooyen

# ATLETIEK

## SA SKOLEKAMPIOENSKAP















| | | |
|---|---|---|
| **Rekords** | | |
| Genelle Roode | O. 15 | Medley-aflos |
| Joshua Gerber | O. 17 | Diskus |
| **Medaljes** | | |
| Goud: 4 | Silwer: 6 | Brons: 3 |
| **Goud** | | |
| Jané Sieberhagen | O. 15 | 1 500 m-hindernis |
| Shiloh Snijders | O. 17 | Diskus |
| Genelle Roode | O. 18 | Medley-aflos |
| Joshua Gerber | O. 17 | Diskus |
| **Silwer** | | |
| Nathan Atkins | O. 15 | 400 m |
| Milané Moolman | O. 15 | 300 m-hekkies |
| Roline du Plessis | O. 15 | Diskus |
| Chris Swanepoel | O. 18 | Gewigstoot |
| Leon Stoltz | O. 19 | 3 000 m-hindernis |
| Zanta Lourens | O. 17 | 2 000 m-hindenis |
| **Brons** | | |
| Genelle Roode | O. 15 | 400 m |
| Melandie Bosman | O. 17 | Driesprong |
| Chris Swanepoel | o. 19 | Hamergooi |
| **4de** | | |
| Tommie Cronje | O. 15 | 1 500 m-hindernis |
| **7de** | | |
| Emma-Lee vd Westhuyzen | O. 17 | 100 m |
| **8ste** | | |
| Luan Visser | O. 17 | 110 m-hekkies |
| Emma-Lee vd Westhuyzen | O. 17 | 200 m |
| **9de** | | |
| Shiloh Snijders | O. 17 | Gewigstoot |

# WINTERSPORT

## UITSLAE



**Hokkie (dogters): Menlo vs. Eldoraigne**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 10 |
| Wedstryde gewen | 8 |
| Gelykop | 1 |

**Netbal: Menlo vs. Zwartkop**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 17 |
| Wedstryde gewen | 14 |
| Gelykop | 2 |

**Rugby: Menlo vs. Middelburg**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 13 |
| Wedstryde gewen | 3 |

# KRIEKET

## PARKIE NA *TALENT ACCELERATION PROGRAM*-KAMP GENOOI



Jan-Willem Pienaar is een van 25 krieketspelers uit die Noordelike Streek (Titans, Lions, Easterns, Limpopo en Mpumalanga) wat na Krieket Suid Afrika se o. 17-TAP-streekskamp genooi is. Baie geluk met 'n uitsonderlike prestasie! #Menlo-trots

# PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

## PARKIE WYS HAKSKENE IN GESOGTE WEDLOOP



Stefan Jansen van Vuuren was die negende vinnigste junior atleet in die Two Oceans-halfmarathon. Baie geluk!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo
KOORFEES
Saterdag 9 Mei
18:30
MENLO-SKOOLSAAL
Akustika | AHMP | Pretoria Male Chorale | Menlo-koor
R120 Menlo-webwerf: Kaartjiekantoor vanaf 10 April



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLO-NOODHULPKLUB
Sluit by ons aan!
Inskrywings
Me. De Beer: i102
12 & 13 Mei 2026
Vlak 1-noodhulpkursus
Koste
R1 200 per persoon
Elektroniese of kaartbetaling
Die Hoërskool Menlopark
Verwysing
Voorletter & Van NH vlak 1
Sperdatum
30 April 2026

# MENLO DOEN NIKS HALF NIE!



# PARKIE-ENTREPRENEURS








MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!






# MARKPLEIN


Vir 'n rok so uniek soos jy
kontak Janissa 083 412 6144
Pure Heart
CREATIONS


Uncapped
HOME
LTE
with no fixed line installation
10 Mbps Telkom
R299 p/m*
Free SIM & Delivery
Quick to Set Up
Wide Network Coverage
axxess®
Internet your way
*The promotional price is valid until 31 December 2025. T's & C's apply.


SOPHIA VENTER
BIOKINETICS
READY TO IMPROVE?
060 794 0432


REPAIR & ACCESSORIZE
We fix it all.
Cellphones | Computers | Electronics | Watches
Apple / Android / Huawei / Nokia / HP / Lenovo / Asus
/ Acer / Oppo / Vivo / Tecno / Redmi / Mecer / Seiko /
Police / Rado / Daniel Wellington
Cell Care
Micro Soldering Experts
St. George's Corner, Lynnwood, Pretoria
www.cellcare.africa
+27 66 128 8495
faisal@cellcare.africa / info@cellcare.africa

# MARKPLEIN



Op soek na kwaliteit naaldwerk en perfekte afwerking?

Ek help graag vinnig, netjies en betroubaar!

📍 Equestria

📞 073 501 8228

Kontak Berta vandag en lyk weer op jou beste!

**WIL U IN DIE**

**MENLO-INSIG ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig